

Radikale *verstehen* nodig

Die rekenaarrevolusie van die tweede helfte van die twintigste eeu is een van die belangrikste ontwikkelinge om 'n regstreekse invloed op die dissipline van geskiedenis uit te oefen. Bykans alle fasette van wetenskaplike aktiwiteit wat historici onderneem, word in een of ander opsig regstreeks deur die rekenaartegnologie geraak. Daar is selfs sprake daarvan dat die silikonbrein dinge beter as die historikus kan doen.

In hierdie uitgawe van *Historia* gee twee jong Noorweegse historici 'n uiteensetting van wat daar aan die Universiteit van Bergen met behulp van rekenaartegnologie gedoen word. Die aksent het, wat die rekenaar betref, volgens hulle, duidelik in onlangse jare verskuif. Tans het die inligtingstechnologie (IT) in geskiedenis grootliks betrekking op die onderrig van die dissipline. Dit is 'n proses wat egter nie sonder stampe en stote kan plaasvind nie. Daar is mislukkings en daar is prestasies. Belangrik is die feit dat daar ten minste konstruktief aan die ontwikkeling van kritiese denke gestalte gegee word.

Die Amerikaanse filosoof, Robert Nozick, het in een van sy onlangse studies die hermeneutiese beginsel van verstaan een stap verder geneem deur die konsep van radikale verstaan te verwoord. Hy verduidelik:

(W)e might call *radical verstehen*, the understanding of the behavior of organisms of another species or with whom we have no biological links since they evolved on another planet.¹

Vir menige historikus is die rekenaar steeds 'n vreemde 'organisme'. Anders gestel: die rekenaar is 'n spesie waarmee enige beskaafde liefhebber van ouwêreldse dinge, nouliks 'n vennootskap kan sluit! Historici, as beoefenaars van 'n dissipline wat die verlede vertroetel, kan selfs met goeie rede verklaar dat die dinge darem nou 'n bietjie te vinnig plaasvind. Tog is dit opwindend om te dink dat met die hulp van die rekenaar nuwe wêreld van kennis vir toekomstige historici ontsluit kan word.

¹ R. NOZICK, *Socratic puzzles* (Harvard University Press, Cambridge, Massachusetts, 1997), p. 124.

Historici is dit aan hul dissipline verskuldig om die rekenaar meer omvattend te gebruik. Dit is opsluit meer as bloot 'n meganisme om die plek van die ou betroubare tikmasjien in te neem.

Uiteindelik!

Met die volgende uitgawe van *Historia* sal ons, volgens sommige chronoloë, daarop aanspraak kan maak dat die mensheid (wat die Wes-Europees-gebaseerde jaartelling as meetinstrument aanvaar) 'n nuwe millennium in beweeg het.

Daar bestaan min twyfel oor die feit dat die millennium wat straks aan die verlede behoort - en die eerste een is waarvan op so 'n omvangryke globale wyse kennis geneem word - 'n tyd ryk aan groot groot gebeurtenisse was.

Die goeie nuus is: met soveel dinge wat gebeur het, is daar ten minste genoeg interpretasiewerk om historici nog lank besig te hou.

Die minder goeie nuus is: Die tempo van betekenisvolle gebeure/verandering gaan nie noodwendig in die toekoms afneem nie.